

Sing vooraf staande: Psalm 49:2, 3 (p. 248)

- 2 Waarom sou ek verskrik wees in 'n tyd / as onheil dreig in ongeregtheid,
as onderkruipers my gedagtes kwel, / en hul vir my die fynste strikke stel?
Hul wil oorwin deur kragdaad en geweld, / dra roem op grootheid, mag van goed en geld;
maar kom die dood – wie weeg dan geld vir lewe? / Geeneen wat God die losprys dan kan gewe.
- 3 Onvindbaar is vir ewig die rantsoen / wat aan Gods reg en strengheid kan voldoen.
Geen mens het ooit, hoe sterk ook sy bestaan, / hoe wys of dwaas, die grafkuil kon ontgaan;
daar 's niemand wat die dood ontvlug, geeneen; / en magt'loos gaan die mensekind weer heen.
Geen skatte volg hom op dié donker spore; / wat hy verwerf het, is vir hom verlore!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 48:1, 5 (p. 243)

- 1 Die HEER is groot waar Sions top / hom wentel uit die dieptes op.
Hy is lofwaardig, waar verhewe / die berg en stad in songlans bewe,
en Sion teen die noorde / blink, bó die lof van woorde.
Daar waar in vlekkelose wit / die Koning van die wêreld sit,
het Hy, wat een die vyand waak, / as rotsburg Hom bekend gemaak.
- 5 Laat Sions berg weerklink van vreug! / Laat Juda's dogters hul verheug,
omdat Gods oordeel hul verbly het – / dié oordeel wat sy volk bevry het.
Aanskou die stad met skanse, / paleise, toringtranse –
hoedat hul pryk met nuwe prag. / En meld dit aan die jong geslag:
Die God is onse God, en Hy / sal tot die dood toe ons gelei.

Geloofsbelydenis: Nicea

Wet

Psalm 6:1, 3 (p. 21)

- 1 Wil my, o HEER, nie straf nie, / wys my in toorn nie af nie, / sien my genadig aan;
laat in my teëspoede / 'n alte strenge roede / my nie met gramskap slaan!
- 3 My siel, deur skrik bewoë / smee om u mededoë; / my hart keer om en om.
In my verbrys'ling kla ek, / o HEER, hoe lank nog, vra ek, / voor daar verligting kom?

Gebed

Psalm 51:2, 4 (p. 260)

- 2 U, HEER. wat my deurskou geheel en al, / is van my eweldaad die hoogste weter;
U het die kwaad gesien; dus niemand beter / wat my kan vonnis in my droewe val.
Teen U het ek my sondedaad begaan, / ja, voor u oog deur swaar misdryf gesondig;
dus sal u woord regverdig bly bestaan, / en rein u vonnis, oor my afgekondig.
- 4 Net soos die lyder, van melaatsheid vry, / verlangend na die teer gemeenskapsbande,
besprinkel word deur priesterlike hande — / onsondig, Heer, onsondig so ook my!
Was my met suiwer water van dié smet / en sneeu in blankheid sal nie witter wees nie.
Laat die gebeent' wat U verbrysel het, / weer in my juig, nie meer verbrysel wees nie.

Skriflesing: Psalm 51; Heidelbergse Kategismus, Sondag 5

Kernvers: Psalm 51:9

Ontsondig my met hisop, dat ek kan rein wees; was my, dat ek witter kan wees as sneeu.

(Psalm 51:9 AFR53)

Heidelbergse Kategismus

Vraag 12

Aangesien ons volgens die regverdige oordeel van God die tydelike en ewige straf verdien, hoe kan ons van hierdie straf bevry en weer in genade aangeneem word?

Antwoord:

God wil dat daar aan sy geregtigheid voldoen word (a). Daarom moet ons óf deur onself óf deur 'n ander ten volle betaal (b).

(a) Gen 2:27; Eks 23:7; Eseg 18:4; Matt 5:26; 2 Tess 1:6; Luk 16:2. (b) Rom 8:4.

Vraag 13

Kan ons deur onself betaal?

Antwoord:

Nee, glad nie; ons maak juis ons skuld elke dag nog groter (a).

(a) Job 9:2; 15:15, 16; 4:18, 19; Ps 130:3; Matt 6:12; 18:25; 16:26.

Vraag 14

Kan enige ander skepsel vir ons betaal?

Antwoord:

Nee, want ten eerste wil God aan geen ander skepsel die skuld straf wat die mens gemaak het nie (a). Ten tweede kan geen gewone skepsel die las van die ewige toorn van God teen die sonde dra en ander skepsels daarvan verlos nie (b).

(a) Eseg 18:4; Gen 3:17. (b) Nah 1:6; Ps 130:3.

Vraag 15

Hoe 'n middelaar en verlosser moet ons dan soek?

Antwoord:

So een wat 'n ware (a) en regverdige (b) mens is, maar nogtans ook sterker as alle skepsels is, dit wil sê wat terselfdertyd ware God is (c).

(a) 1 Kor 15:21. (b) Heb 7:26. (c) Jes 7:14; 9:5; Jer 23:6; Luk 11:22.

Tema: Die losprys vir 'n mens se lewe

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, vanoggend begin ons met die eerste hoofstuk van die tweede deel van ons Kategismus. In die eerste deel van ons Kategismus het ons bely hoe groot ons sonde en ellende is. Nou gaan die Heilige Gees ons leer hoe ons van hierdie sonde en ellende verlos word. In aansluiting by Sondag 4 word hier in Sondag 5 ook tipies menslike vrae gevra.

In Sondag 4 het ons probeer om drie verontskuldigings aan te voer. Daarmee het ons gepoog om die skuld van ons skouers af te skuif na niemand anders as na God toe nie. Ons het eers van die een kant af gekom met dié opmerking: God sou ons 'n onreg aandoen as Hy van ons eis om die wet volmaak te gehoorsaam terwyl Hy self weet dat ons nie daartoe in staat is nie. Maar God het vir ons uit sy Woord aangetoon dat Hy die mense so goed en volmaak geskep het dat hulle wel in staat was om die wet volmaak te gehoorsaam. Nou ja, toe dit nie werk nie, het ons met vraag 10 van 'n ander kant af probeer: Ag Here, U kan tog seker maar hierdie ou sondetjies van ons oor die hoof sien. Nogeens het God vir ons aangetoon dat Hy glad nie die sonde oor die hoof kan sien nie. Dit sou immers teen sy heilige Wese indruis. En hoe sou ons God kan vertrou as Hy teen sy Wese in die sonde ongestraf laat bly?

Toe ons met hierdie twee ompaaie nie die skuld van ons skouers kon afskuif nie, het ons nog een maal probeer. Hierdie laaste keer het ons met vraag 11 somer reguit vir God gesê: Maar Here, U is

mos barmhartig? Met hierdie opmerking het ons gereken om God se eienskappe teen mekaar af te speel, want in ons mense se krom gedagtes werk dit mos so – as jy barmhartig is, kan jy nie terselfdertyd ook regverdig wees nie. Maar God se eienskappe kan nie van mekaar geskei word nie. Hy is sy eienskappe. Hy is barmhartig en Hy is regverdig gelyktydig. God kan nie uitmekaar getrek word nie.

Nou is ons in 'n hoek gedryf, soos Dawid in 'n hoek gedryf was nadat Natan sy skuld oor die owerspel met Batseba en die moord op haar man aan hom bekend gemaak het. Die opregte gelowige wat waarlik sy skuld besef, weet dat hy nie iemand anders meer kan blameer nie. Net hyself kan vir sy skuld geblameer word, daarom bely hy eerder: Ek staan voor God met my eie skuld wat swaar op my skouers druk. Of soos Dawid dit sê:

Teen U alleen het ek gesondig en gedoen wat verkeerd is in u oë.
(Psalm 51:6a AFR53)

Ons sonde is teen God se allerhoogste majesteit. Daarom, as Hy ons straf, is Hy regverdig. Hy doen ons geen onreg aan nie. En buitendien, sy uitspraak is reg en sy oordeel is regverdig. Maar ai tog, die Here se regverdige oordeel is so verskriklik. Dit is die swaarste straf waaraan 'n mens ooit kan dink – dit is nie net 'n tydelike straf nie, maar ook die ewige straf aan liggaam en siel.

Dan hoor ons die tipies menslike vraag: **Hoe kan ons van hierdie straf bevry en weer in genade aangeneem word?** Ons weet dat ons die skuld nie van ons skouers kan afskuif nie. Skuldig is ons skuldig. Maar as ons wil lewe en weer die genade van die Here wil smaak, moet ons op die een of ander manier bevry word van hierdie ewige straf.

Geliefdes, die antwoord wat ons op hierdie vraag bely, klink met die eerste hoor daarvan nie na die antwoord op ons vraag nie. Ons vra: Hoe kan ons vry word? En die antwoord wat ons bely, is: **God wil dat daar aan sy geregtigheid voldoen word.** Vir die on-geoefende oor klink dit nie na die regte antwoord nie. Maar as ons fyn luister, sal ons tog die antwoord hoor.

Ons kan van die ewige straf bevry word, as daar aan die regverdige eis van God voldoen word. Maar ons is op soek na 'n middel – 'n betaalmiddel – om van God se straf bevry te word. Indirek vra ons die vraag wat baie mense al gevra het: Wat moet ek doen om gered te word? Wat kan ek gee as losprys vir my lewe? Dit is tipies van die mens om so te vra, want ons is verskriklik bang vir God se straf. Ons weet immers dat die straf op die sonde die dood is. So het die Here reeds vir Adam en Eva gesê. Die mens wat maar net van stof gemaak is, sal stoflike vrae vra. Hy soek na 'n middel waarmee hy vir sy skuld by God kan betaal.

Maar laat ons eers seker maak wat God se regverdige eis is. God se regverdige eis bestaan uit twee dinge. Die eerste saak wat voorop staan, het ons reeds in Sondag 2 bely: Die mens moet God en sy naaste voluit liefhê. Aan hierdie skeppingsroeping moet die mens voldoen, dan word daar aan God se regverdige eis voldoen. Maar ons kan dit nie meer doen nie. Ons is van nature so verdorwe dat ons niks goeds kan doen nie. Daarom kom die tweede deel van God se regverdige eis op ons af: Die mens wat sy skeppings-roeping nalaat, moet die volle toorn van God op die sonde dra.

Broers, susters en kinders, die eie ek van die mens wat vra hoe hy bevry kan word, word op die agtergrond geskuif met die Ek van God wat geregtigheid eis. As ons bevry wil word van die ewige straf, moet ons na God se stem luister wat sê: Mens, Ek wil hê dat jy aan my regverdige eis voldoen. Met hierdie woorde krimp ons hart ineen, want daar is geen vrede tussen God en ons sonder gehoorsaamheid aan en uitvoering van sy wet nie. En ons kan nie die wet gehoorsaam nie. Ons kan nie die eerste deel van God se regverdige eis nakom nie. Daar is geen versoening met God sonder die voldoening aan sy eis nie, geen genade en liefde van God sonder dat sy heiligheid en geregtigheid gehandhaaf word nie. Dus bly daar net die tweede deel van God se regverdige eis vir

ons oor. Al bewende moet ons bely dat ons God se volle toorn oor die sonde verdien.

Maar as ons die volle toorn van God moet dra, is dit klaar met ons. God se volle toorn is ewig. Daar is geen mens wat sy lewe kan behou as hy aan hierdie eis van God moet voldoen nie. Aangesien die toorn en straf ewig is, is dit mos ondenkbaar dat die mens ooit sal klaarkry met die dra van God se volle toorn.

Ja, die losprys om verlos te word is die lewe – ons eie lewe. Maar ons sal nooit by die punt kan kom waar ons kan sê: Nou het ek klaar betaal nie. Daarom, in plaas daarvan om met ons eie lewe te betaal, vra ons na die moontlikheid om steeds self, maar met iets anders as ons lewe, te betaal.

Geliefde gemeente, dit lê nou maar eenmaal in ons gevalle natuur om self ons saak met God in orde te wil bring. By die hele mensdom – elke volk, taal en nasie, in elke liewe godsdienstige rigting – is daar pogings van die mens om homself te verlos. Selfs onder Christene is daar die mense en rigtings wat hulleself wil verlos. En dit is ongelooflik wat die mens vir God as losprys wil aanbied om weer in genade aangeneem te word, net sodat hy nie sy eie lewe moet verloor nie.

Sodra die mens na vrede met God vra, sodra hy homself in sy sonde ontdek en honger en dors na geregtigheid voor God, begin hy bid. En met sy baie en lang gebede probeer hy homself verlos. Of hy bring groot somme geld as 'n offer om sy saak met God in orde te kry. Daar is selfs mense wat met hulle trou en ywer in God se diens, hulle mooi karakter of nederigheid God se genade en liefde wil verdien, net om van die straf vry te kom. Of die mens begin hewig teen die sonde in sy lewe en in sy hart stry. Maar die mens wat die eerlikste stry en nougeset aan die wet lewe, kom ook eerste by die bittere ontdekking: In plaas daarvan om aan God se eis te voldoen en skuld af te betaal, maak ek die skuld teenoor God daagliks net groter. Selfs ons mooiste gebede en ons edelste diens aan God is met sonde besmet. Niks wat ons doen is volmaak en sonder enige sonde nie. Daarom bely ons dat ons ***juis ons skuld elke dag groter maak***.

Selfs al neem ek my voor om nooit weer een enkele sonde te doen nie, as dit enigsins moontlik kon wees, is die skuld van vroeër nog nie ongedaan gemaak nie. Al my goeie werke wat ek gedoen het, is nie 'n sterk genoeg wasmiddel om die skandvlek van die erfsonde van myself af te was nie. Toe ons gebore is, was ons al skuldig, met sonde belaaï toe ons moeders met ons swanger was. As ek meen dat my skoon, eerlike lewe van nou af die ding sal doen, maak ek die fout van die mens wat besluit het om nooit weer iets op skuld te koop nie. So het hy gereken dat die skuldeisers van sy vroeëre skuld hom ook sal uitlos.

Maar as so 'n voorneme nie werk nie, wat daarvan as ek my sonde en skuld eerlik voor God bely, kan ek dan nie vry kom van die straf nie? Dawid sê mos dat die Here 'n hart vol ootmoed en berou nie gering ag nie. Broers, susters en kinders, as ons so redeneer, mislei ons onself. Skuldbelydenis, hoe eerlik dit ook al gedoen word, gee glad nie vir ons die reg om vergifnis te ontvang nie. Om jou skuld voor God te erken, bely jy maar net dat God die regverdige is wat die sonde moet straf. Die gelowige kan nie op grond van sy eerlike skuldbelydenis smeek om verlossing nie. Dawid erken immers ten eerste dat God reg is in sy uitspraak en sy oordeel is regverdig. Dan bely hy prontuit dat hy skuldig voor God is. As hy dan pleit dat God hom moet vergewe, is dit op grond van God se liefde en barmhartigheid en nie op grond daarvan dat hy sy skuld eerlik bely het nie.

Geliefdes, hieruit sien ons dat ons skuld nog steeds opgehoop voor God is. Ons kan nie met ons eie lewe of met ons goeie werke of met ons eerlike skuldbelydenis ons skuld by God afbetaal nie. Daarom vra ons na 'n ander moontlikheid om van die straf bevry te word. ***Kan enige ander skepsel vir ons betaal?***

Wat van die engele, hulle is tog ook skepsels van God. Maar 'n engel is 'n geestelike skep-sel van

God sonder 'n liggaam. Die mens is 'n geestelike en 'n liggaamlike skepsel. Ons het met ons liggaam en siel teen God gesondig, daarom moet ons ook aan ons liggaam en siel gestraf word. Dus, 'n engel sal nie vir ons die skuld by God kan afbetaal nie.

As 'n engel dan nie die middel vir ons verlossing kan aanbied nie, moet ons iets of iemand kry wat ook 'n liggaamlike en geestelike skepsel is. Wat dan van 'n ander mens? Iemand soos Moses miskien; hy was tog bereid dat sy naam uit God se boek uitgevee word as Israel maar op dié wyse gered kon word. Maar God is regverdig. Hy sal nie die skuld wat ek gemaak het aan enige ander mens straf nie. Dawid sê ook in Psalm 49:

Niemand kan ooit 'n broer loskoop nie; hy kan aan God sy losprys nie gee nie want die losprys van hulle lewe is te kosbaar en vir ewig ontoereikend, dat hy vir ewig sou voortlewe, die vernietiging nie sou sien nie. (Psalm 49:8-10 AFR53)

So ... ook nie 'n ander mens sal my skuld kan betaal sodat ek van die straf bevry kan word nie. Maar wag so 'n bietjie. Wat van 'n dier? Die Here beveel mos in die Ou Testament dat diere vir 'n sondeoffer aangebied moet word. Dit is mos ook so dat daar geen vergifnis sonder bloedvergieting is nie. Nou ja, kom ons slag 'n bok, dan vloeï daar mos bloed. Dan word daar mos 'n lewe geneem.

Oppervlakkig beskou, sou ons miskien kon aflei: Ja, daar is skepsels wat niks meer as skepsels is nie maar wat tog volgens God se eie Woord in ons plek aan God se reg kan voldoen en ons straf dra. Maar luister weer wat sê Dawid wat ook in 'n hoek gedryf is oor sy skuld by God:

Want U het geen lus in slagoffer nie, anders sou ek dit gee; in brandoffer het U geen behaen nie. (Psalm 51:18 AFR53)

So word dit ook in Hebreërs betuig: Sulke diereoffers moes jaar na jaar gebring word, **omdat die bloed van bulle en bokke onmoontlik die sonde kan wegneem.** (Hebreërs 10:4 AFR83)

'n Dier het nie 'n siel nie en wat weet 'n boklam tog van God en God se regverdige eis; net mooi niks. Dus, ook geen dier is in staat om die straf op ons sondes volmaak te dra nie.

Geliefdes, ons bely tog ook: **Geen gewone skepsel kan die las van God se ewige toorn teen die sonde dra en ander skepsels van God se toorn verlos nie.** Met die woorde *gewone skepsel* bring die Heilige Gees ons daarby uit om te besef dat daar onder die skepsels nie 'n gepaste betaalmiddel kan wees nie. Ons moet dus na iets of iemand anders soek wat meer is as net 'n gewone skepsel, want 'n gewone skepsel sal heeltemaal vergaan as hy onder die toorn van God kom. In vraag en antwoord 15 word dit ook vir ons duidelik dat ons nie maar net 'n middel nodig het nie. Dit wil sê, ons moet nie na iets soek nie. Ons het 'n middelaar nodig wat die losprys kan betaal en so ons verlossing vir ons bewerk. Ons het 'n ander lam nodig wat die regverdige eis van God ken, daaraan kan voldoen en die skuld in sy siel en aan sy liggaam kan dra en wegdra.

Geen mens kan so 'n lam voorsien nie, want wat uit die mens kom, is mens – net so bedorwe en ellendig as die mens waaruit hy kom. Ook Dawid erken en bely in Psalm 51 dat die verlossing nie uit homself of uit die mensdom kan kom nie. Net God kan die verlossing gee wat nodig is om te kan bly lewe en weer in genade aangeneem te word. Net God kan so 'n lam voorsien waarna ons op soek is. Hy moet 'n ware – dit is 'n egte – en 'n regverdige – dit is 'n sondelose – mens wees. Daarby moet hy ook waaragtig God wees.

In sy groot genade het God dié Lam aan ons voorsien. Hy het sy enigste Seun gegee. Die mens vra: Wat moet ek doen om gered te word? God gee dan self die antwoord onder andere by monde van Johannes die Doper as hy na Jesus verwys en sê:

Daar is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem.

(Johannes 1:29 AFR83)

Geliefdes, tipies aan die mens wil ons bevry word van die straf wat ons moet ondergaan vir ons skuld by God. Ons kan egter nie self betaal nie, nie met ons lewe of ons werke nie. Tot ons ontsteltenis moes ons ook hoor dat daar geen ander skepsel is wat ons straf kan dra en ons verlos nie. Maar dank God vir die woord van troos wat Hy tot ons spreek. Die Heilige Gees het ons nie net met diepe berou oor ons sonde en ellende gevul nie. Hy lei ons verder om te soek na die Middelaar en Verlosser wat God self vir ons gee.

Amen!

Slotgebed

Skrifberyming 1-1:3, 7 (24: 3, 7)

- 3 Tot roem en prys van Gods genade, / die grond van ons behoudenis,
sing ons nou van sy reddingsdade / in Hom wat die Geliefde is.
Uit Hom in wie ons nou weer vry is / van skuld, deur sy verlossingsbloed,
in Hom, in wie die heil berei is, / kom seënstroom ons tegemoet.
- 7 Ons sal, in lewe en in sterwe, / Gods eiendom vir altyd wees;
ons sal wat Hy beloof het, erwe, / verseël deur die Heil'ge Gees.
Hy is die waarborg ons gegewe, / die eerst'ling van die volle som;
ons sal die reddingsdag belewe – / die glorie-dag van God, wat kom.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
8 September 2013